OUDTSHOORN

Die dorp ontleen sy naam aan baron Pieter van Rheede van Oudtshoorn – of dalk sy vrou, barones Gesina van Rheede van Oudtshoorn. Die baron is in 1773 as goewerneur van die Kaap aangestel maar het oppad hierheen ter see beswyk. Maar hy was wel op 'n vroeër geleentheid as senior amptenaar aan die Kaap. In 1961 het die dorp 'n nuwe wapenskild aanvaar – dié van die familie Van Rheede van Oudtshoorn, en die hoofstraat is Baron Van Rheedestraat genoem.

Die dorp het stilgestaan totdat CP Rademeyer, eienaar van die plaas Hartebeesrivier, in 1839 grond vir 'n kerk geskenk het. Soos gewoonlik in Suid-Afrika het dorpstigting met boere se behoefte aan 'n kerk gepaard gegaan. Die dorp is in 1847 gestig en is vandag die belangrikste dorp in die Klein Karoo, wat wêreldbekend sou raak as die sentrum van die volstruisveernywerheid. Die vere is vir die eerste keer in 1826 uitgevoer en die voëls is van 1867 as 'n mak ras aangeteel. Die volstruisnywerheid het van die einde van die jare 1880 tot net voor die Eerste Wêreldoorlog 'n reuse-opleving beleef. Die voorspoedgolf het sy piek in 1913 bereik toe die vere van 750 000 voëls ten bedrae van sowat £3 miljoen uitgevoer is. Vandag staan die volstruispaleise in die omgewing in die teken van daardie luisterryke tye. Dit het ook sowat 300 Joodse families na die omgewing gelok, wat aan Oudtshoorn die noemnaam "Klein Jerusalem" gegee het. Die veredryf is nie meer so lonend nie, maar 'n volstruis het meer as net vere en baie boere boer steeds met die voëls – veral noudat volstruisvleis as 'n gesonder rooivleis beskou word. Volstruisboerdery het intussen na talle ander lande versprei.

Behalwe die volstruisplase bied Oudtshoorn heelwat aan toeriste, onder meer die beroemde Kango-grotte. Die grotte is in 1780 deur Jacobus van Zyl ontdek. Hy het sy slawe heen met 'n tou daarin laat afsak. Hy moes hulle seer sekerlik vertrou het.

Oudtshoorn was ook die tuiste van CJ Langenhoven, skrywer van Die Stem, volkslied van die Unie en toe van die Republiek van Suid-Afrika, en tans steeds 'n deel van die volkslied. Langenhoven was ook prokureur, politikus, digter en skrywer wat baie gedoen het om Afrikaans as 'n amptelike taal gevestig te kry. Sy huis, Arbeidsgenot, is 'n museum. Die skool Langenhoven Gimnasium heet na hom. Die dorp bied jaarliks die gevierde Klein-Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) aan, die eerste Afrikaanse nasionale kunstefees.

Hoërskool Oudtshoorn

Skoolgeskiedenis

Oudtshoorn Boys' High en Oudtshoorn Girls' High is meer as 'n eeu gelede gestig. In 1906 het Boys' High 'n majestueuse sandsteengebou, wat tans 'n museum is, betrek. Die twee skole het in 1963 saamgesmelt en in 1967 na 'n nuwe terrein verskuif. Die skool se wapen is ontleen aan die familiewapen van baron Van Oudtshoorn. Die drie horings is blaashorings, wat gebruik is om mense by-een te roep vir belangrike byeenkomste, onder meer die aankoms van die poskoets.

STIGTINGSDATUM:
LEUSE: PER LABOREM AD ASTRA (MET INSPANNING NA DIE STERRE)
ADRES: POSBUS 194, OUDTSHOORN, 6620
WWW.OUDHS.CO.ZA

PROUDLY Struisie TROTS

Struisies Rugby

Die belangrikste dag op die sportkalender is die Interskole teen Outeniqua. Dan pak die Struisies en die Kwaggas mekaar. As die interskole op Oudtshoorn plaasvind, is dit Struisiesdag, en wanneer hulle op George kragte meet, is dit Kwaggadag. Die interskole word reeds van 1965 gehou, en die mededinging bly straf, hoewel die Struisies merendeels aan die kortste end trek. In 2003 het hulle die Kwaggas verras. Dis moeilik vir Oudthoorn om by te hou, want terwyl George floreer, is Oudtshoorn se getalle aan't kwyn. Op Hoërskool Oudtshoorn is daar tans 620 leerlinge en op Outeniqua 1400.

Die skool het 'n ruk gesukkel, maar in 2006 en 2007 beter gedoen. Hy het hom goed van sy taak teen Paarl Gimnasium gekwyt, en klop gewoonlik sy plaaslike mededingers, onder andere Langenhoven Gimnasium van Oudtshoorn en Punt van Mosselbaai. Die plaaslike wedstryd teen Langenhoven het gewoonlik die inwoners op horings – iets wat net skolerugby kan doen. In 2007 het die Struisies die besonder sterk spanne van Oakdale en Marlow geklop. 'n Jaarlikse derby teen Brandwag – 'n ewe groot gemengde skool – het ook in 2006 afgeskop.

Uitblinkers

Altesame dertien spelers van die 2007 span is vir die SWD se Cravenweek- of Akademiespanne gekies. 'n Groot toekoms word voorspel vir Cayleb Oosthuizen, wat die SA Akademie-span gehaal het en nou by die Lions gekontrakteer is. Dieselfde geld die losskakel Gerhard Nortier en die binnesenter Waldo Lategan. Lategan is ook gekies vir die SA Skolekrieketspan. Vier Springbokke was oudleerlinge van Oudtshoorn Boys' High: die losskakel Hansie Brewis (1949 - 1953), die vleuel Loftie Fourie (1958), die haker André Bestbier (1974), en die skrumskakel Barry Wolmarans (1977-81). Fourie was skoolhoof in die destydse Suidwes-Afrika toe hy gekies is, en Bestbier 'n brigadier in die Weermag. Wolmarans het 72 keer agtereenvolgens vir die Vrystaat uitgedraf. Hy het later 'n nasionale keurder geword. Die toetsskeidsregter Hansie Schoeman is ook 'n oudleerling. Hy het later die voorsitter van die WP se Skeidsregtersvereniging geword, asook visevoorsitter van die nasionale liggaam. Rudi van Vuuren, 'n uitstekende losskakel en senter, het in 1999 die eerste man geword wat sy land (Namibië) by sowel die Rugby- as die Krieketwêreldbeker verteenwoordig het.

Die mees beroemde van alle Springbokke was Hansie Brewis, ook bekend as Kiewiet, wat in 2007 op 88-jarige leeftyd oorlede is. Hy is op Oudtshoorn gebore en het op Oudtshoorn Boys' High School en die Handelskool Langenhoven skoolgegaan. Daarna het hy Noord-Transvaler geword toe hy hom by die Polisiekollege in Pretoria aansluit. Hy het daar gebly en is daar dood. Hy was 'n briljante speler met flytige hande, slim voete, 'n blitsige versnelling en 'n skop soos 'n muil. In 1949 het hy een van die beste losskakeldrieë ooit teen die All Blacks gedruk.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Hansie Brewis, Loftie Fourie, Andre Bestbier, Barry Wolmarans
Namibië:
Rudi van Vuuren